Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

14 Januarie 2018

Eredienste:
08h30: –
10h00: Ds Elmarie Dercksen (Joh 5) – Doop
18h00: Ds Thinus Britz (Joh 6)

Kom drink saam koffie na die diens in die kerksaal.
Kom drink saam koffie na die diens in die kerk.

DEURKOLLEKTE: 28 Jan 2018 - Magdalena Huis

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens.
Gebedsversoeke: 082 451 3312 – SMS of W*hatsapp*
Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

AANDDIENS

Die tyd van die aanddiens **verander na 18:00**.
Die Jeugdiens smelt saam met die 18:00 diens.
Die Senior kategese sal vooraf plaasvind van 17:30 – 18:00, en dan kan hulle saam met hul ouers of die klas, die 18:00 diens bywoon.

2018 KALENDERS

Die kerkkalenders sal vanaf 21 Januarie 2018 beskikbaar wees.

KATEGESE

Junior en senior kategese begin op 21 Jan 2018.
08:30 – Junior Jeug (3jr – Gr 6), tydens die 08:30 erediens.
17:30 – Senior Jeug (Gr7 – Gr10) en Belydenisklas met kerk vanaf 18:00 tot 19:00

REGISTRASIE:
Die registrasie van die junior kategese vind plaas tydens die 08:30 erediens en die senior kategese 17:30 voor die 18:00 aanddiens.

Navrae:
Junior Kategese: Carina Howard 082 926 6428
Senior Kategese: Lorraine Jonker 084 840 7738

DOOP

Henning en Maides Jansen v Rensburg doop hul baba, Mia Maides (gebore 20 Jul 2017).
Baie geluk!

JONGWERKENDE SELGROEP

As jy wil inskakel by die nuwe JOngwerkende Selgroep, kontak vir ds Marietjie per e-pos marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

PRETSTAP/DRAF 2018

Nog net 40 dae!!!

Pretstap 2018 is om die draai! Hou Saterdag 24 Feb 2018 oop en bring jou familie en honde om saam te stap of draf. Inskrywingsvorms is in die voorportaal beskikbaar asook aanlyn by www.entryninja.com
Die fondse is weer ten bate van die Echo Jeug Ontwikkeling. Hulle het tans twee huise in Table View, 'n huis in Durbanville en een in Stellenbosch. Nog 'n huis maak binnekort oop in Ysterplaat. Die huise bied 'n ondersteuningsisteem vir jongmense wat uit kinderhuise of rehabilitasie sentrums kom. Die fokus is om hierdie jongmense basiese lewensvaardighede te leer, te help om werk te vind of te studeer en om hulle deel te maak van 'n gemeenskap wat vir hulle omgee en liefhet. Om hiermee te help woon daar ook jongmense wat 'n behoefte het om 'n verskil te maak, saam in die huis. Vir meer inligting kontak gerus vir Niel Steyn by niel@echoyouth.co.za of 084 688 1080.

WIL JY BETROKKE RAAK BY JUNIOR OF SENIOR JEUG KATEGETE?

Hier is ’n wonderlike geleentheid om by die prettigste bediening betrokke te raak. Ons is nog op soek na ‘n Gr7 kategeet en afloskategete vir 2018. Indien jy dalk sou belangstel of nuuskierig is oor wat dit behels, kontak asb. vir Marietjie 083 461 1220 of Carina

PRETSTAP SKENKINGS

Elke jaar kry ons dit reg om pryse en geskenksakkies weg te gee. Dis natuurlik net moontlik deur die getroue bydraes van ons Gemeente. Baie dankie hiervoor!! ☺ Ons wil graag weer pryse en geskenksakkies by die pretstap uitdeel. So nou wil ons weer vra as jy enige iets het om as prys te gee of kleiner items wat ons in die geskenksakkies kan sit, bring dit asb na die kerkkantoor. Ons wil graag 100 geskenksakkies weggee. Navrae: Franselene 021 554 1931 / kommunikasie@ngkbloubergstrand.co.za

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	18h00	Opmerkings
21/01/2018	M	M	E	Kategese begin
28/01/2018	T	T	M	Deurkollekte: Magdalena Huis
04/02/2018	M	M	E	Doop 10:00
11/02/2018	T	T	M	
18/02/2018	E	E	T	
25/02/2018	T	T	M	Deurkollekte: CAB Atlantis Westfleur
04/03/2018	M	M	E	Doop 10:00
11/03/2018	E	E	T	
18/03/2018	T	T	M	

NUWE INTREKKERS

Baie welkom aan al ons nuwe intrekkers! Ons hoop julle voel baie welkom by ons. Indien jy nog nie jou lidmaatskap amptelik na ons verskuif het nie, voltooi gerus ’n lidmaatskapvorm (in die voorportaal). As julle enige vrae oor eredienste, kategese, selgroepe of bedienings het of sommer net wil “Hallo” sê, kontak asseblief een van die leraars of die kerkkantoor. Onthou ook om ’n verwelkomingspakkie in die konsistorie te kom haal wat al die nodige kontakbesonderhede het.